OLD MUTUAL UNIT TRUSTS ADMINISTRASIEPLATFORM-OORDRAG

VRAE & ANTWOORDE-DOKUMENT VIR KLIËNTE

HOEKOM INTEGREER ONS PLATFORMS?

Die integrasie van Old Mutual Unit Trusts met die administrasieplatform waarop Old Mutual Wealth geadministreer word, help nie net om optimale bedryfsdoeltreffendheid te verkry nie, maar gee ook vir ons kliënte 'n ervaring wat die volgende voordele inhou:

- Beplanningshulpmiddels wat **die gemak om direk aanlyn te belê en transaksies uit te voer,** seepglad **integreer met** die voordele en **waardetoevoeging van gesonde finansiële advies**
- Versekering dat u beleggings **in die huidige en toekomstige regulatiewe omgewing relevant bly.**

WAT IS DIE VOORDELE VIR U AS 'N KLIËNT?

UITGEBREIDE AANLYN TRANSAKSIEFUNKSIONALITEIT

U sal nog steeds binne 'n veilige aanlyn omgewing 'n beleggingservaring geniet met 'n omvattende en boonop seepgladde vermoë om beleggings en transaksies elektronies vas te lê en in te dien. U sal nie net die vordering van enige transaksies wat deur u of u beplanner ingedien is, kan naspoor nie – u sal ook toegang hê tot die Old Mutual Wealth App (selfoontoepassing) vir kliënte. Dit gee u die gerief om transaksies wat deur u beplanner ingedien is, te aanvaar (of af te wys).

ROBUUSTE AANLYN VERSLAGDOENING

Deur 'n advies-geleide benadering het u toegang tot 'n besluitnemingsraamwerk wat u sal help om ingeligte besluite oor u finansiële toekoms te neem. Dit sluit in om te bepaal waar u nou is, waar u in die toekoms wil wees, en hoe u uiteindelik daar gaan kom.

MONITOR U BELEGGINGSDOELWITTE IN OOREENSTEMMING MET MARKPRESTASIE

Ná die oordrag sal u toegang hê tot die *Portfolio Graphing Tool*. Hierdie hulpmiddel sal u nie net help om u belegging(s) in ooreenstemming met u beleggingsdoelwitte (d.i. inflasieverwante teikens) te monitor nie, maar stel u ook in staat om 'n grafiese voorstelling van u beleggingsprestasie in vergelyking met ander fondse en markindekse oor gespesifiseerde tydperke te kry. Dit maak dit ook maklik om veranderings (soos omskakelings) wat miskien nodig is of selfs nuwe beleggingsopdragte in te dien.

WANNEER SAL DIE ADMINISTRASIEPLATFORM-OORDRAG PLAASVIND?

Die oordrag van Old Mutual Unit Trusts word in twee fases gedoen – die eerste fase het die oordrag van voor- en na-aftrede-produkte behels en het in Augustus 2019 plaasgevind.

Fase 2 behels die oordrag van die oorblywende diskresionêre produkte van Old Mutual Unit Trusts na dieselfde platform as dié waarop ons Old Mutual Wealth administreer. Dit sal in die derde kwartaal van 2021 plaasvind. Kliënte wat hierdeur geraak word, sal belê wees in die:

- Standaard-effektetrusts
- Belastingvrye Belegging

WAT SAL MY PRODUKNAAM WEES NÁ DIE OORDRAG?

BESTAANDE PRODUKNAAM	PRODUKNAAM NÁ OORDRAG
Standaard-effektetrust →	Old Mutual Unit Trusts
Belastingvrye Belegging →	Old Mutual Unit Trusts Belastingvrye Belegging

WAT GEBEUR MET MY KLIËNTNOMMER?

Ná die oordragdatum sal u **een enkele kliëntnommer** hê, selfs al het u meer as een kontrak. As u net beleggings van Old Mutual Unit Trusts het, sal u u Old Mutual Unit Trusts-kliëntnommer behou. As u egter beleggings van beide Old Mutual Unit Trusts en Old Mutual Wealth het, sal u u bestaande Old Mutual Wealth-kliëntnommer behou. Dit sal voortaan u unieke kliëntnommer wees.

AS U DIE VOLGENDE HET:	SAL U:
Slegs beleggings van Old Mutual Unit Trusts*	U bestaande Old Mutual Unit Trusts-kliëntnommer behou
Beleggings van Old Mutual Unit Trusts **EN** Old Mutual Wealth	U bestaande Old Mutual Wealth-kliëntnommer* vir beide behou

* Indien u huidige Old Mutual Unit Trusts-kliëntnommer reeds op die Old Mutual Wealth-platform bestaan, sal u 'n nuwe kliëntnommer ontvang.

As u meer as een kliënt-entiteit het wat vir Old Mutual Unit Trusts opgestel is, sal hierdie entiteite met die oordrag gekonsolideer word. Waar u Fondsrekeninge by Old Mutual Unit Trusts “benoem” is of waar 'n rede vir die belegging gegee is, sal dit na u nuwe kontrak op die nuwe administrasieplatform oorgedra word.

SAL DIE PRODUKREKENING-GROEPNOMMER EN FONDSREKENINGNOMMER DIESELFDE BLY?

Nee. Ná die oordrag sal die Produkrekening-groepnommer u **Beleggingskontraknommer** genoem word, en dit sal 'n nuwe nommer wees. U sal in u kwartaalstaat van September 2021 oor u nuwe kontraknommer ingelig word en 'n skakel kry om by die veilige kliëntewebwerf uit te kom.

Daar kan een of meer fondse binne elke beleggingskontrak wees. Die huidige Effektetrust-kliëntrekeningnommers sal vir diensdoeleindes oorgedra word.

Waar u meer as een belegging in dieselfde effektetrustfonds binne dieselfde kontrak het (d.i. vir dieselfde produk), sal hierdie afsonderlike effektetrusts (d.i. Fondsrekeninge) tussen afsonderlike beleggingskontrakte verdeel word (welke kontrakte elk die betrokke effektetrustfonds bevat), aangesien elke beleggingskontrak slegs een belegging per effektetrustfondsklas kan hê. Sien die voorbeeld hieronder.

Voor oordrag:

Naam van kliënt: Mnr J Alleman						
Produkrekening-groep: Standaard-effektetrust 122334					Totale Markwaarde: R500 000.00	
Fondsrekeningnommer	**Fondsnaam**	**Bedrag Belê Minus Onttrekkings**	**Getal Eenhede**	**Eenheidsprys (c)**	**Markwaarde**	**% van Rekeninggroep**
100000002	Old Mutual Money Market Fund A	-	xx xxx xxxx	xx xxx xxxx	R125 000.00	25.0%
100000003	Old Mutual Money Market Fund A	-	xx xxx xxxx	xx xxx xxxx	R125 000.00	25.0%
100000004	Old Mutual Flexible Fund A	-	xx xxx xxxx	xx xxx xxxx	R250 000.00	50.0%

Na oordrag:

Mnr J Alleman

Old Mutual Unit Trusts
Kliëntnommer: AG6543/2
Finansiële Beplanner: Mnr J Smith

Beleggingskontrakwaardes soos op 26 Junie 19			
Beleggingskontraknommer	**Begindatum**	**Eienaarskap**	**Markwaarde van Belegging**
1000001	24-Des-12	100.00%	R500 000.00

Fondse					
Fondsnaam	**Eenhede**	**Eenheidsprys**	**Prysdatum**	**Bruto Beleggingskontrak %**	**Bruto Fondswaarde**
Old Mutual Money Market Fund A	xx xxx xxxx	xxx xxx	1-April-20	33.3%	R125 000.00
Old Mutual Flexible Fund A	xx xxx xxxx	xxx xxx	1-April-20	66.7%	R250 000.00

Mnr J Alleman

Old Mutual Unit Trusts
Kliëntnommer: AG6543/2
Finansiële Beplanner: Mnr J Smith

Beleggingskontrakwaardes soos op 26 Junie 19			
Beleggingskontraknommer	**Begindatum**	**Eienaarskap**	**Markwaarde van Belegging**
1000002	24-Des-12	100.00%	R500 000.00

Fondse					
Fondsnaam	**Eenhede**	**Eenheidsprys**	**Prysdatum**	**Bruto Beleggingskontrak %**	**Bruto Fondswaarde**
Old Mutual Money Market Fund A	xx xxx xxxx	xxx xxx	1-April-20	33.3%	R125 000.00

SAL DAAR ENIGE VERANDERINGS AAN DIE STRUKTUUR VAN MY BELEGGINGS WEES TER VOORBEREIDING VIR DIE OORDRAG?

Die administrasieplatform waarheen u beleggings oorgedra word, maak voorsiening vir spesifieke beleggingstransaksies en -strukture en as gevolg van, en ter voorbereiding vir die platform-oordrag, sal die volgende veranderings **vanaf 1 Augustus tot en met die migrasie in die derde kwartaal van 2021** aan u beleggings aangebring word, waar van toepassing. Hierdie inligting is formeel aan u gekommunikeer in u kwartaallikse kliëntekommunikasie in Maart en Junie 2020. Dit is ook op ons webwerf beskikbaar by:
https://www.oldmutualinvest.com/individual/resources/important-notices

INDIEN U:	NA DIE OORDRAG:	VERSTEK-OPSIE:
DEBIETORDERS		
Meer as een debietorder per maand per effektetrustfonds binne een beleggingskontrak het	**Slegs een debietorder per maand per beleggingskontrak word toegelaat.** Die waarde van die debietorder kan egter op verskeie effektetrustfondse binne daardie beleggingskontrak van toepassing wees.	Indien verskeie debietorders **dieselfde frekwensie** (bv. maandeliks) het, is **hierdie debietorderbedrae gekombineer om een debietorderbedrag te skep.** Indien die debietorders verskillende datums het, is die datum van die debietorder wat die hoogste waarde het, gekies.
		Indien die verskillende debietorders **verskillende invorderingsdatums of frekwensies of verhogings-besonderhede** het, is die invorderingsdatum, frekwensie en verhogingsbesonderhede van die **debietorder met die hoogste waarde gekies.** Indien die einddatum verskil, is die vroegste debietorder-einddatum gekies.
Meer as een debietorder per effektetrustfonds binne een beleggingskontrak vanaf verskillende kliëntrekeninge (dieselfde of verskillende fondse) het		Indien die verskillende debietorders **dieselfde frekwensie (bv. maandeliks), invorderingsdatum en verhogingsbesonderhede** het, is hierdie debietorderbedrae **gekombineer om een debiet-orderbedrag te skep.** Indien die einddatum verskil, is die vroegste debietorder-einddatum gekies.
		Indien die besonderhede verskil, is aparte kontrakte geskep.
'n Rand-gebaseerde jaarlikse verhogingsbedrag op u beleggingskontrak het	**Slegs persentasie-gebaseerde verhogings** kan geadministreer word.	**'n Persentasie-gebaseerde verhogingsbedrag is op grond van die randbedrag** van die verhoging **bereken.** Dit moet tussen 1% en 20% wees.
FONDSE		
Meer as een belegging in dieselfde effektetrustfonds binne 'n beleggingskontrak het	By oordrag na die nuwe administrasieplatform sal dit **nie moontlik** wees **om verskeie beleggings in dieselfde effektetrustfonds** binne 'n enkele beleggingskontrak **te hê nie.**	Waar kliënte meer as een belegging in dieselfde effektetrustfonds in dieselfde beleggingskontrak het (d.i. vir dieselfde produk), is **hierdie afsonderlike effektetrusts (d.i. Fondsrekeninge) tussen verskillende beleggingskontrakte verdeel** (elk met daardie betrokke effektetrustfonds).
Meer as een uitkeringsmetode van inkomste uit verskillende effektetrustfondse binne dieselfde kontrak het	**Slegs een uitkeringsmetode word vir alle effektetrustfondse per beleggingskontrak toegelaat.** U kan een van die volgende opsies op kontrakvlak kies: · Herbelegging in dieselfde effektetrustfonds · Uitkerings kan in enige enkele fonds van u keuse belê word OF · Uitkerings kan uitbetaal word in 'n bankrekening	**Afsonderlike kontrakte is geskep om die verskillende uitkerings te ondersteun** indien kliënte verskillende fondse met verskillende opsies in een kliëntrekening-groep het.
Kontantuitkerings het wat inbetaal word in 'n bankrekening wat nie deur u besit word nie	**Kontantuitkerings sal slegs inbetaal word in geverifieerde bankrekeninge** wat deur u besit word.	Die **uitkeringsopsie is opgestel vir herbelegging** in die betrokke effektetrustfonds.
GEREELDE TRANSAKSIES		
Meer as een gereelde maandelikse, kwartaallikse of jaarlikse onttrekking uit dieselfde effektetrustfonds het	**Slegs een gereelde onttrekking word per beleggingskontrak per tydperk toegelaat.** Die waarde van die onttrekking kan egter aan verskillende effektetrustfondse binne dieselfde beleggingskontrak toegewys word.	**Konsolideer alles in een onttrekkingsopdrag deur die datum van die onttrekking met die grootste waarde te gebruik.** Indien die einddatum verskil, is die vroegste gereelde onttrekkingseinddatum gekies.
Meer as een gereelde maandelikse, kwartaallikse of jaarlikse onttrekking uit dieselfde of 'n ander effektetrustfonds het en indien die besonderhede dieselfde is		Konsolideer alles in een onttrekkingsopdrag.
BELASTINGVRYE BELEGGINGS		
Meer as die maksimum perk van R36 000 per jaar vir Belastingvrye Beleggings bygedra het	**Bydraes sal beperk word tot R36 000 per belastingjaar** met 'n huidige leeftydbydrae van maksimum R500 000.	Bestaande debietorderbedrae bo R3 000 is vasgestel op R3 000 per maand.
Jaarlikse verhogings op bestaande debietorders het	Jaarlikse verhogings sal **nie toegelaa**t word nie.	Verhogings is gestaak.

Op die huidige Old Mutual Unit Trusts-platform word u tans toegelaat om meer as die Belastingvrye Beleggingsperke by te dra en waar die perk oorskry word, word die surplus outomaties by 'n nuwe Standaard-effektetrust vir u gevoeg. Dit is belangrik om daarop te let dat u bydrae ná die oordrag beperk sal word tot slegs die maksimum toelaatbare Belastingvrye Beleggingsperke – d.i. 'n maksimum van R36 000 per jaar of R3 000 per maand.

FONDSKENMERKE

SAL MY BESTAANDE FONDSE EN FONDSKLASSE OORGEDRA WORD?

Ja. Al u bestaande fondse sal na die nuwe platform in hul bestaande fondsklasse oorgedra word. Alle fondse wat tans deur Old Mutual Unit Trusts beskikbaar is, sal slegs beskikbaar wees vir die produkte wat oorgedra word.

Onthou: Die Old Mutual Bond Fund R-klas en Old Mutual Income Fund R-klas is sedert 30 April 2020 vir alle nuwe beleggingsvloei gesluit (uitgesonderd bestaande herhalende debietorder-opdragte, wat sal voortgaan). Die nuwe Old Mutual Income Fund A-klas en Old Mutual Bond Fund A-klas is sedert 1 Mei 2020 vir nuwe en addisionele beleggings beskikbaar. Beide hierdie A-klasse het dieselfde diensfooie as die R-klasse (0.75% met BTW uitgesluit). Gevolglik is daar geen ekstra jaarlikse diensfooikoste vir u nie en die aanvanklike finansiële beplannerfooi is gestandaardiseer binne die band van 0% tot 3% (BTW uitgesluit) vir alle nuwe beleggingsopdragte.

BLY DIE FONDSMINIMUMS DIESELFDE?

Nee. Fondsminimums sal nou deur minimum bedrae vir beleggingskontrakte vervang word. Die minimum beleggingsbedrae van R500 per maand of R10 000 vir 'n enkelbedragbelegging geld nie meer vir fondse nie, maar per beleggingskontrak. Hierdie beleggingsminimum kan tussen die fondse wat u in u kontrak gekies het, verdeel word.

SAL MY DEBIETORDERS IN BESTAANDE FONDSE VOORTGAAN?

Alle debietorders sal steeds op dieselfde datums vir dieselfde waardes belê word as volgens die huidige opdrag, in die fondse wat voor die oordrag gekies is.

SAL MY GEREELDE ONTTREKKINGS DIESELFDE BLY?

Ja. Alle gereelde onttrekkingsbedrae sal dieselfde bly en steeds onttrek word uit die fondse wat u voor die oordrag gekies het. Dit is egter belangrik om daarop te let dat Old Mutual Unit Trusts se huidige administrasieplatform die gereelde onttrekkingsbedrae op **fondsvlak** aftrek, terwyl die nuwe administrasieplatform die gereelde onttrekkingsbedrae op **kontrakvlak** sal aftrek en dan die bedrag tussen die betrokke fondse verdeel. Dit beteken kliënte kan 'n effense verandering in die toewysing per fonds sien, soos die voorbeeld hieronder toon:

		NUWE ADMINISTRASIEPLATFORM	
	BESTAANDE OLD MUTUAL UNIT TRUSTS-PLATFORM	FONDSTOEWYSING %	STELSEL BEREKEN BEDRAG PER FONDS
Fonds A	R1 100.00	45.83	R1 099.92
Fonds B	R1 300.00	54.17	R1 300.08
Totale waarde van Gereelde Onttrekking	**R2 400.00**	**100.00**	**R2 400.00**

SAL FONDSPRYS-TYDRAAMWERKE DIESELFDE BLY NÁ DIE OORDRAG?

Ja. Alle transaksies sal van krag wees op dieselfde dag as wat die voltooide opdrag ingedien word.

PRYSBEPALING VAN GELDMARKFONDSE

Die prysbepaling ten opsigte van geldmarkfondse sal steeds vasgestel word op R1 met rente wat daagliks verklaar en maandeliks uitgekeer word.

BELEGGINGS- & ADMINISTRASIEFOOIE

ALLE FOOIE WAT OP U BELEGGING VAN TOEPASSING SAL WEES NÁ DIE OORDRAG

- **Jaarlikse Bestuursfooie** (jaarlikse diensfooi binne die fonds) – dit is ingesluit by die effektetrust se daaglikse fondsprys.
- **Finansiële Beplanningsfooi** – dit sal volgens u ooreenkoms met u finansiële beplanner betaal word.
  - **Aanvanklike Finansiële Beplanningsfooi:** Dit is 'n eenmalige fooi wat betaal kan word wanneer 'n enkelbedrag-, ad hoc- of nuwe debietorderbelegging aangegaan word. Hierdie fooi is gestandaardiseer teen 'n maksimum van 3% (BTW uitgesluit) oor alle effektetrustfondse behalwe die Old Mutual Bond Fund R-klas en Income Fund R-klas, wat vir nuwe beleggingsvloei gesluit is.
  - **Deurlopende Finansiële Beplanningsfooi:** Dit is 'n jaarlikse fooi wat teen maandeinde bereken word en van die kontrakwaarde afgetrek word deur eenhede in die kontrak binne die eerste week van die volgende maand te verkoop.

    Deurlopende Finansiële Beplanningsfooie word in die vorm van eenheidsaftrekkings betaal. Dit beteken ons sal na elke maandeinde van u eenhede moet verkoop om vir hierdie fooie te betaal. Hierdie fooie word by verstek afgetrek van die fonds(e) waarteen hulle gehef word. Indien u kies dat ons die fooie eerder van 'n spesifieke fonds aftrek en die waarde in daardie fonds nie genoeg is om die fooi-aftrekking te dek nie, sal die fooi proporsioneel van al die fondse in die kontrak afgetrek word. Dit is 'n verandering van hoe fooie tans op die bestaande Old Mutual Unit Trusts-platform afgetrek word waar, indien die fonds waaruit die fooie afgetrek moet word nie genoeg eenhede het nie, die fooi dan van die Money Market Fund of so nie van die grootste effektetrust in u portefeulje afgetrek word. Die verkoop van eenhede vir hierdie betaling is 'n kapitaalwinsbelasting-gebeurtenis.

WATTER FOOIE SAL NÁ DIE OORDRAG NIE MEER OP MY BELEGGINGS VAN TOEPASSING WEES NIE?

Die volgende vorige administrasiefooie sal ná die oordrag nie meer op u beleggings van toepassing wees nie:

- **Effektetrust-onttrekkingsfooi** wat op sekere effektetrustfondse gehef word wanneer die fonds binne twee weke na die belegging verlaat word
- **Die administrasiefooi** wat gehef word op beleggings wat **onder die minimum** beleggingsbedrag van R500 per maand is.

SAL DIE FOOIVERHALING OP KONTRAKTE NÁ DIE OORDRAG VERANDER?

Die fooiverhaling sal van die laaste Vrydag van 'n maand na die tweede of derde werksdag van die volgende maand verskuif. Die nuwe administrasieplatform verhaal die deurlopende finansiële beplanningsfooi wat gehef word teen 'n kliënt se beleggingsbedrag soos aan die einde van die maand.

ALGEMENE BEPALINGS & VOORWAARDES

BESONDERHEDE VAN ADMINISTRATEUR

Old Mutual Investment Administrators (Pty) Ltd, 'n Administratiewe Finansiële Diensverskaffer ingevolge die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangersdienste, sal die administrateur van u belegging bly.

KLAGTES

Die klagte-oplossingsproses is daarop gemik om enige ontevredenheid wat u moontlik in verband met 'n transaksie ervaar, uit die weg te ruim. U kan aan ons Klagte-beampte skryf by Posbus 207, Kaapstad 8000 of e-pos stuur na unitttrusts@oldmutual.com. Indien u u klagte binne Old Mutual verder wil voer, kan u aan OMSTA Klagtebestuur skryf by Posbus 201, Mutualpark 7451, e-pos stuur na complaintadmin@oldmutual.com of 'n faks stuur na +27 21 509 0506.

Indien die geskil steeds nie opgelos is nie, kan u skryf aan Die Old Mutual Kantoor vir Interne Arbitrasie by Posbus 80, Mutualpark 7451, e-pos stuur na arbitrator@oldmutual.com of 'n faks stuur na +27 21 504 7700. U kan met die FAIS Ombud in verbinding tree as u enige klagtes het oor die advies wat u ontvang of die implementering van u belegging.

Gesels asseblief met u finansiële beplanner as u enige vrae het oor hierdie oordrag. So nie, kan u e-pos stuur na unittrusts@oldmutual.com of ons skakel by 0860 234 234.

OLDMUTUAL

Old Mutual Unit Trust Managers (RF) (Pty) Ltd is 'n geregistreerde bestuurder ingevolge die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, Nr. 45 van 2002. Die fondsfooie en -koste wat ons hef om u belegging te bestuur, word in die betrokke fonds se minimum openbaarmakingsdokument (MDD) of tabel van fooie en heffings uiteengesit, wat beide op ons openbare webwerf of deur ons kontaksentrum beskikbaar is. Old Mutual is 'n lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA).